

Sing vooraf: Psalm 84:3 (p. 425)

- 3 Welsalig is die mensekind / wat al sy sterkteⁱⁿ U mag vind,
en op mag gaan na Sions hoogte. / Wanneer hul haas van dors verkwyn,
dan is die HEER self hul fontein / waar dorstrand smag van somerdroogte.
Ook sal 'n reën hul daar oordek / wat hul tot nuwe lewe wek.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 116:1, 2, 5 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehag;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 2 Om my was bande^{en} strikke van die dood; / en angste van die hel het my laat bewe;
ek was benoud, vol droefheid was my lewe; / maar 'k het die HEER gesmeek in al my nood:
- 5 U het my siel weer van die dood bevry; / in droefenis droog U, o HEER, my tranes;
U lei my voet langs nuwe lewensbane, / om in u lig te wandel, lewensbly.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 12-2:5 (27:5)

- 5 Ek geloof aan die gemeenskap / heilige verbintenis
van wie almal saam 'n eenheid, / in hul Heer een liggaam is.
Ek geloof die skuldvergewing, / weeropstanding van die vlees,
en 'n leweⁱⁿ ewige duurte, / as die dood nie meer sal wees.

Skriflesing: Psalm 36

Teks: Psalm 36:10; Kategismus Sondag 16

(36:10) Want by U is die fontein van die lewe; in u lig sien ons die lig. (36:11) Laat u goedertierenheid voortduur vir die wat U ken, en u geregtigheid vir die opregtes van hart. (Psalms 36:9-10 AFR1953)

Adam se sondeval is sekerlik die grootste enkele negatiewe gebeurtenis wat die mensdom se geskiedenis getref het:

Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het (Romeine 5:12 AFR1953)

Dit laat ons onmiddellik besef hoe noodsaaklik Jesus se dood was.

- Elke eerlike mens besef hoe diep hy in die modder is as gevolg van sy sondes.
- En elkeen wat enigsins vêrsiende is, besef dat hy, met die gemors wat ons van die lewe maak, 'n swak hiernamaals tegemoet gaan.

Ons sondes is iets geweldigs, en daarom moes Christus se lewe en dood ook in die teken van hierdie geweld gestaan het.

- Lyde alleen was nie genoeg nie.
 - Dit is wel so dat die lyde van Christus ook tot ons versoening was, maar sy lyde alleen sou onvoldoende wees.
- Die werklike straf wat God uitgespreek het oor ons sondes, is die dood.
 - Daarom moes die Here Jesus Christus sy lyde afrond met sy dood.

Luister hoe sê die Here dit in Romeine 3:25:

Hom (Jesus) het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God. (Romeine 3:25 AFR1953)

Al is Christus God self, kon die doodsvonnis as straf vir die sonde dus nie opgehef word nie, want God self verander nooit.

- Hy is nog steeds dieselfde as wat Hy was by die skepping, en toe het Hy, net na die sondeval, die dood as straf op die sonde uitgespreek.

Die noodsaaklikheid van hierdie verskriklike straf kom uit die onmeetbaarheid van God se liefde. Toe ons na die sondeval reddeloos en duiwelsbesit geword het, het God – uit liefde vir ons – tog besluit om ons weer te red.

- Hy kon egter nie sy uitspraak en vonnis verander nie, want in sy Wese is Hy onveranderlik.
- Daarom moes Hy voorsien dat die doodstraf voltrek word op iemand wat die dood kan hanteer deur te sterf en op te staan wanneer hy wil. En dit kon net Hy alleen doen.

Miskien stel die woorde van Romeine 5:18 dit nog duideliker:

Daarom dan, net soos dit deur een misdaad vir alle mense tot veroordeling gekom het, so ook is dit deur een daad van geregtigheid vir alle mense tot regverdigmaking van die lewe. (Romeine 5:18 AFR1953)

Daarby moet ons ook die grootheid van die sonde in berekening bring.

- Die Here moes nie net twee mense se sondes versoen nie.
- Hy moes elke uitverkorene s'n versoen.
- Dit is die verdere rede dat alleen die Seun van God geskik was om hierdie taak te volvoer.

Dit is hoe dit gebeur het dat Christus kom lewe, gely het, en ook dood is. Maar daarmee het die keerpunt in die geskiedenis van die mensheid gekom!

- Dit was die groot versoendag wat God se wil om mense te verlos bevestig het en wat die draaipunt gevorm het van die rigting waarin ons beweeg het.
- Hierdie dood van Jesus het ons van die pad na die hel toe af weggekeer na die hemel toe. Nie asof ons self gaan nie. Ons word geneem.

Onthou u nog hoe die apostel Paulus dit vir die gelowiges in Rome geskryf het?

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroeï het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; (Romeine 6:3-5 AFR1953)

Met die beeld van fonteinwater en lig teken die Here die gevoel van genade en blydskap wat by iemand ontstaan wat uit die dood uitgeruk word nadat hy so naby daaraan was dat hy al die dood kon aanvoel.

- Dink maar hier as 'n voorbeeld aan Hagar en Ismael wat al wou sterf van die dors en toe water gekry het.
- Donker is altyd die simbool van die hel, en daarom staan lig as God se heerlijkheid teenoor die donker. Trouens, ons lees ook dat daar nie 'n son op die nuwe aarde sal wees nie omdat God se heerlijkheid lig sal uitstraal wat die hiernamaals een ewigdurende dag sal maak.

Die fontein waaruit ons kan drink om te lewe, en die lig van genade wat oor ons skyn, is natuurlik die Here Jesus se dood. Want hieruit word vir ons lewe geskenk.

Die wending is verder dat ons nie twyfelagtige gevoelens oor ons saligheid hoef te hê nie. Daar staan in Hebreërs 2:10 dat dit God behaag het om baie van ons deur Jesus Christus se lyde tot heerlijkheid te bring.

- Die feit dat hierdie lyding en dood toe plaasgevind het, is die tasbare bewys dat die Here toe hierdie belofte gehou het.
- Nou kan ons in die sekerheid leef dat ons werklik in die hemel sal wees – indien ons natuurlik die begeerte het.
- Dit is die bedoeling van dié psalm as daar staan dat ons uit God se fontein lewende water kan drink.

Daar staan in Efesiërs 2:5 geskryf dat ook toe ons dood was deur die misdade, ons lewend gemaak is saam met Christus. **Ons is uit genade gered.** Die tweede deel van die vers is onlosmaaklik aan die eerste deel vas: **In u lig sien ons die lig.**

- Jy kan alleen lig sien as jy kyk!
- Dit beteken maar bloot dat jy nie moet dink die verlossing sal nou maar net oor jou spoel en al wat jy hoef te doen, is om passief daar te sit nie.
- Jy moet ook energie insit en hierdie verlossing vir jouself jou eie maak!

Die beeld wat hier gebruik word, veronderstel dat die lig nodig is om iets te doen. Mens loop nie in die donker nie, want jy val oor alles.

Ons beleef elke dag aanslae op ons geloof. Die dood is huiweringwekkend naby aan ons.

- Daarom moet ons beseft dat die lewe wat ons leef – en dan bepaald die lewe in die lig van Jesus Christus se kruis – bloot genade is.
- Maar dan moet ons ook nie hierdie genade van God oor ons onnodig rek nie.

Dit is nie die bedoeling dat ons moet weet ons kry genade en nou kan ons maar kyk hoe ver ons die Here se genade oor ons kan rek voordat dit gedaan raak nie!

- Die bedoeling van die Here se genade en liefde oor ons is dat ons 'n tere waardering daarvoor moet hê – dat ons juis die lig kan sien in die skyn van God se lig!

Die betekenis daarvan is ongetwyfeld dat ons nie elke dag in 'n vrees vir die dood en die hel moet

rondloop nie omdat Jesus die dood van sy houvas op ons ontnem het.

- Die dood bestaan wel nog, maar dit het nou 'n heeltemal ander karakter. Dit is nog net 'n deurgang van hierdie wêreld af na God toe.

Die krag van die dood van Christus is dat as ons sterf, ons net die sonde afsterf.

- Met ander woorde ons kom in 'n toestand waar ons ophou om sonde te doen. Ons sondes bly ook hier.

In die oordeel wat volg op die oomblik van my sterwe, spreek God my vry van straf, en word ek in Christus geheilig, en in die koninkryk van God ingelaat.

- Maar dit kan ook net gebeur omdat Christus doodgegaan het – omdat Hy dus alle toorn wat God vir my het oor my sondes, gedra het, sodat God se toorn verkoel het en nie meer bestaan nie. Dit is heeltemal bevredig.

Daarom moet ons lewe 'n dankbaarheidslewe wees.

- Ons struikel baie, en ons sal ook nog baie struikel, maar die ding is net dat ons dan weer moet opstaan
- om met 'n nuwe aanslag teen die sonde ons dankbaarheid teenoor God te bewys.

Ons vind hierdie preek in ons belydenis in Kategismus Sondag 16.

Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b).

(a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.

Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).

(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b).

(a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c).

(a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertrou dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike ang, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het.

(a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46 Heb 5:7

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 103:2 (p. 504)

- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 5 Augustus 2007 (aand)